Nood: 072 015 5729
E Posadres: bbaynhw16@gmail.com

Voorsitter: 0829281260
E Posadres: wayrayjack@gmail.com

BBBW INFO BULLETIN 4 VAN 2021

1. Waardering. Weer eens, dankie vir u geldelike bydraes tot ons rekening deur die BBBV. Hierdie fondse is onontbeerlik vir die instandhouding van ons nuwe selfoonradio's, en stel ons in staat om verdere Buurtwagprojekte te beplan. Dankie ook vir u morele ondersteuning en raad. Ons waardeer u positiewe ingesteldheid teenoor misdaadvoorkoming in ons gebiede. Ons rekening vir radiodata beloop R2000 per maand en ons is op die uitkyk vir moontlike borge, indien enigsins moontlik. U aanbevelings sal verwelkom word.

2. Buigsaamheid. Ons pas aan en verander soos nodig om by te bly by misdadige aktiwiteite, beskikbare bronne en vrywilligers. Ons is nou verdeel in sewe sones en sewe sone-groepe met 'n sone-verteenwoordiger. Die stelsel werk goed en ondersteun die idee dat elke sone 'n eiesoortige dinamiek en behoeftes het. Die groot noodgroep bestaan nie meer nie, en die sonegroepe sal aandag skenk aan noodgevalle soos benodig.

3. Databasis. Ons suiwer ons databasis voortdurend aan mbt die korrekte inligting van ons lede. Ons gebruik hierdie inligting wanneer ons 'n ontruimingsplan vir die onderskeie gebiede herbeplan. Ouderdom, gestremdheid en bronne is sommige faktore wat so 'n plan beïnvloed. Ek neem die verantwoordelikheid vir alle foute aangesien ek die databasis bestuur.

4. Brand. Ter ondersteuning van en in samewerking met ons brandbestryders, het ons Liz Buncker genooi om ons toe te spreek tydens die afgelope vergadering. Sy het die belangrikheid beklemtoon om sekere risiko's te bestuur; ons het almal 'n rol te speel hierin. Die volgende punte het op ons almal betrekking:

a. Brand. Geen brand of vermoede omtrent brand moet op WhatsApp, Telegram of enige ander sosiale media aangemeldword nie. Hierdie inligting moet direk by Foxtrot by 0283122400 aangemeld word.

b. Die brandweer kan gekontak word by fire@bettysbay.info aangaande enige navrae.

c. Die brandweer is besig om vrywilligers te werf, en is ook tans besig met brandkursusse vir vrywilligers.

d. Die brandkraan-program is steed aan die gang en baie van ons kan behulpsaam wees met hierdie verantwoordelikheid. Voordat ons egter 'n brandkraan aanneem, moet ons by die vrywilligers aansluit. 'n Mens voltooi bloot 'n vorm en dan sal die brandweer ons oplei in:

i. Omsien na brandkrane

(a) Plantegroei naby die die kraan;

(b) Tekens en verfwerk;

(c) Aanmeld van foute.

ii. Krane word hoofsaaklik gebruik vir die hervulling van tenkwas.

iii. Verkeerbeheer

iv. Skarebeheer

4. Projekte. As deel van ons stryd teen plaaslike en geringe misdaad, werk ons hard daaraan om ons gemeenskap by te staan om werk te kry. Tans dryf ons, of is ons betroke by die volgende projekte, en vrywilligers en raad is altyd welkom. Neem kennis dat geen gelde wat u bydra tot die BBBW aan hierdie projekte gaan nie.

a. Die padassesseringsprojek: Hierdie is 'n assesseringsmeganisme wat 'n verslag aan die munisipaliteit oplewer, sodat lg. hul instandhoudingskedules meer doeltreffend kan laat verloop. Ons is bly dat ons deel van die oplossing kan wees. Wat paaie betref, is die volgende belangrik om te verstaan:
   i. Die meeste faktore betreffende paaie is buite ons beheer. Spoed is egter wel binne ons beheer. Ons grondpaaie is ontwerp om 'n sekere hoeveelheid druk te hanteer voordat dit verbrokkel. Wanneer verkeer se spoed 40 kpu oorskry, neem die druk op die padoppervlak toe en begin dit te verbrokkel. Hoe vinniger ons ry, hoe gouer verbrokkel die oppervlak.

b. Die Mooiplaas-projek is 'n projek om op permanente basis groente te kweek vir ons gemeenskap. Die idee is om plaaslike gemeenskaplede in diens te hê om die tuin te bestuur en die oorskot te bemark. 'n Aantal mense sou werk kon kry deur hierdie projek. Die munisipaliteit het grond verskaf en LED het 'n voorsiener toegeken om aan ons R30 000.00 se heining, pale, sand, klip, sement en hardeware te verskaf, om mee weg te spring.

c. Die honde-dipprojek saam met KAWS mik op die indiensneem van 1 of 2 mense waar ons ons honde kan dip teen betaling. Sodra die bad gebou is kan ons Mooiuitsig toe ry, ons honde dip, hulle laat afdroog op die gras, en weer vertrek.

d. Die heuningprojek het ten doel om 'n aan paar lede wat hierin geïnteresseerd is, werk te verskaf om heuning te produseer teen 'n wins.

e. Ons is op die uitkyk vir 'n plek om 'n motorwassery te begin, waar nog 'n paar mense werk kan kry. Idees aangaande sulke plekke sal verwelkom word.

5. Dis belangrik om kennis te neem dat alle projekte, wanneer hulle aan die gang is, oorhandig sal word aan wie ookal betrokke is, en dat ons dan sal terugtree en toelaat dat dit groei.

6. Hulp aan Bure: Op Vrydag het ons gereageer op 'n oproep om 'n seuntjie in 'n rolstoel te vervoer na Kleinmond Kliniek aangesien nóg vervoer beskikbaar was, nóg die finansies om vervoer te bekom. Ons het hulle daarheen en terug vervoer. Dit het die idee laat posvat om hierdie sort van ding te hanteer in ons gemeenskap. Hierdie was nie die eerste keer dat ons mense op hierdie manier in BB gehelp het nie. Dink u ons kan 'n groep mense byeenbring wat bereid sou wees om in sulke gevalle bystand e verleen?

7. Misdaad in die algemeen. Syfers toon dat misdaad beduidend afgeneem het oor die afgelope maand of so. Hiervoor moet ons ons passiewe lede bedank vir die inligting wat hulle deurstuur. U, die passiewe lede, vorm die grootste deel van ons Wag, en is die belangrikste deel in ons poging om misdaad te bestry.

8. Die Wag en sy Vennote. Die BBBW staan nie meer alleen in misdaadvoorkoming oor die dorpies heen nie. Ons vorm deel van 'n geïntegreerde stelsel wat saamwerk om 'n doeltreffende misdaadvoorkomingstelsel te vorm. Ons vennootskappe is dinamies en dien die gemeenskap ongeag sakebeleid of privaatmening. Ons hoop om binnekort met die Pringlebaai Straatwag in gesprek te wees om ons reikwydte uit te brei.

9. Vennootskappe. Ter opdatering van ontwikkelinge….

a. Kleinmond Straatwag. Ons is vennote en deel die koste van die LPR-kameras tussen Bettysbaai and Kleinmond. Ons sal alle inligting wat hieruit en uit ander bronen verkry word, met mekaar deel.

b. Pringlebaai/Rooiels. Hierdie is 'n nuwe vennootskap. Tans is ons in gesprek om 'n tweede kamera-opstelling aan te bring tussen Pringlebaai en Bettysbaai. Hierdie inligting sal ook met alle vennote gedeel word.

c. NAVIC is die primêre diensverskaffer vir alle kamera-inligting. Hulle lig ons in omtrent alle aangemelde voeruie wat op die stelsel voorkom, Binnekort sal ons sommige van hierdie inligting met u kan deel wanneer ons ons misdaadsyfers deurgee aan die begin van elke week.

d. Overstrand Munisipaliteit Kleinmond Administrasie en die Kantoor vir Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling: Daar bestaan algemene eenstemmigheid dat opheffing van ons gemeenskap nodig is om die versoeking tot misdaad te verminder. Hierdie kantoor ondersteun ons projekte en help waar hulle kan.

e. Sekuriteitsfirmas: Ons poog om verbeterde ondersteuning te verkry, en probeer om die netwerk vir inligtingverkryging en –aanmelding uit te brei. Ons het onlangs besluit om nie ons vennootskap met CULIVE voort te sit soos aanvanklik bedoel nie, nie as gevolg van iets wat hulle gedoen het nie, maar bloot weens onversoenbare strategieë. Byvoorbeeld:

   i. Hulle reëls lui dat hulle nie deel van ‘n ander groep mag wees nie. As ons hulle AR-lede by ons groep insluit, is dit strydig met hul beleid. Verder, ons maak nie voorsiening vir groeptelefone in ons groep nie, want ons moet te alle tye weet met wie ons inligting deel. Met ‘n groepfoon weet ons dit nie noodwendig nie. CULIVE kan dus glad nie deel wees van ons stelsel nie.

   ii. Ter samewerking met ander rolspelers kom ons snags saam om voorvalle en observasies tydens die nagsessie te bespreek terwyl almal tuis slaap. CULIVE se beleid laat nie toe dat hul lede meedoen met lede van ander firmas of ons Waglede nie. Wanneer ons dus saamkom, mag CULIVE nie deelneem nie.

   iii. Ons het ‘n groep wat sekere lede van die Wag, ASK, BOLT, Sandown Bay, CPF, SAPS en privaatlede wat aktief bydra tot misdaadvoorkoming. As CULIVE se lede nie toegelaat word om in te skakel nie, is daar geen rede vir hul voortgesette deelname aan die vennootskap nie. Laat ek ‘n eenvoudige voorbeeld gee: As daar ‘n insident is waartydens potplante gesteel word, en ons niks gedurende die nag vind nie, dan, wanneer ‘n lid iemand sien loop met ‘n potplant, kan s/hy dit dadelik op die groep aanmeld, en ons sal weet waaroor dit gaan en sal kan reageer. As iemand nie mag deelneem hieraan nie, respekteer ons dit en werk met die mense wat ons het. Hierdie is ‘n nuwe vennootskap en is daargestel deur die Wag per onderlinge ooreenkoms. As die situasie verander sal ons so veel vennote moontlik verwelkom in ‘n poging om te groei.

f. SAPD. Buiten die JOCO-vergaderings op Maandae het ons ‘n goeie verhouding teweeggebring met lede van die Kleinmond Polisiediens. Ons is in direkte verbinding met ‘n sersant en ‘n speurder vir vars en toepaslike inligting op ‘n daaglikse basis.

g. Teenstroping. Ons lig toepaslike rolspelers in omtrent alle waarnemings gemaak rakende perlemoen- en kreefstropery.

10. Fondse. Wat maak ons met die fondse wat u skenk? Tydens die oorname van die Wag ongeveer een jaar gelede, het ons besluit om R100 000.00 opsy te hou vir die kamera-projek. Dit is steeds so, en daardie fondse gebruik ons uiteindelik uitsluitlik daarvoor.

11. Ter verbeterde kommunikasie het ons 10 selfoonradio’s aangeskaf teen ‘n koste van R26 000.00, met die oorblywende fondse in ons rekening. Ons het elke lid met ‘n radio gevra om ‘n bydrae van R200 per maand te maak. As dit nie moontlik is nie, word die tekort aangevul uit u bydraes. Buiten dit, probeer ons fondse bymekaarmaak vir toekomstige kamera- en sensortoerusting. Ons bestuur nie self die fondse nie – dit word gedoen deur die tesourier van die BBBV – ons is baie dankbaar daarvoor. Ons is op die uitkyk vir ‘n borg vir die koste van die radiodata per maand. Ons gebruik geen fondse sonder om almal in te lig nie.

12. Buiten die kameras en radio’s doen ons baie met ons eie geld en bronne. Aktiewe lede word nie vergoed op enige wyse nie, Ons betaal self vir petrol- en telefoonverbruik, en gebruik ons privaattyd op vrywillige basis. Die meeste van die aktiewe lede is besige mense en kan nie tyd wy aan negatiewe skinderstories, aannames en mense wat net fout vind met alles wat ons doen nie

13. Nuwighede. Buiten al bogenoemde, is daar -

a. ‘n nuwe administrateur;

b. nog ‘n toegewyde Wagpatrolleerder;

c. ‘n nuwe verteenwoordiger vir Silversands;

d. word ‘n borg vir ons radiodata onkoste gesoek.

14. Die stelsel wat ons Wag so dinamies en doeltreffend maak, is die samewerking met ander rolspelers. Die leeue-aandeel van ons sukses kan egter toegeskryf word aan ons passiewe lede – ons oë en ore. Tans het ons vrywilligers in 6 van die 7 sones, 707 huishoudings (dus ingeveer 1414 pare oë en ore) teen ‘n gemiddelde van 2 persone per huishouding. Dit is hierdie passiewe lidmaatskap wat ons graag wil uitbrei.

15. Toekoms. Ons werf jonger mense en getroude man-en-vrou spanne. Ons Wag gaan nie oor individue nie, maar wel oor stelsels en prosesse gedryf deur vrywilligers in samewerking met andere. Ons het hard gewerk aan die totstandbring van hierdie stelsel oor die afgelope jaar en ‘n bietjie. Die stelsel is nou basies in plek en sal natuurlik dinamies bly in reaksie op verandering, soos vereis deur nuwe leierskap en en ‘n jonger span toegewyde vrywilligers. Ek wil graag die leisels oorgee aan ‘n jonger person sodra so iemand sy/haar gereedheid aandui. Die aankondiging en stemming sal tydens ‘n Algemene Jaarvergadering plaasvind.

16. Vergaderings. Voorheen het ons aangedui wie vergaderings sou bywoon, maar daar is nie meer as 20 mense nie. Sou iemand anders dit dalk wou bywoon en selfs bydra, laat my gerus weet en ek sal u verwelkom. Ons vergader op die laaste Woensdag van elke maand

17. Bef en fluitjie. Om ons aanwesigheid in ‘n area te toon, moedig ons elke passiewe lid in BB aan om ‘n bef te dra en ‘n fluitjie saam te neem wanneer hulle in hul areas loop. Met die fluitjie kan ‘n mens aandag op hom/haarself vestig indien hulp benodig word. Sodra ons genoeg fluitjies daarbuite het, sal ons ‘n oefening doen waartydens almal terselfdertyd hul fluitjies blaas, om alle inwoners bekend te maak met die klank, wat dit beteken, en wat hulle moet doen.

18. Die tuinprojek. Dit is nog ‘n poging om fondse te verkry. Ons soek na twee vrywilligers om voertuie op te pas van mense wat die skou wil bywoon later hierdie jaar. Kontak my gerus en ons kan die besonderhede bespreek.

19. Waggroepe. Beste Waglede, die Waggroepe is saamgestel vir die voordeel van spesifieke sones en om ons te help reageer op nood. Dit gaan oor alle dinge van belang vir die inwoners van daardie sone. Soms vergeet ons egter en gesels oor onbelangrike of nie-relevante dinge. Mag ek elkeen vra om bewus te wees hiervan in die toekoms? As u iets wil uitvind oor ‘n post, kontak daardie persoon persoon-tot-persoon en gesels dan. Selfs indien u iets vir my wil sê of vra, kontak my persoon-tot-persoon; dit hoef nie op die groep te wees nie. Ek wil werklik nie reëls opstel vir hierdie groepe nie; ek is seker ons almal verstaan die bestaansrede vir die groepe, en dat kommunikasies belangrik en op die punt af moet wees. By voorbaat baie dankie.

20. Aan almal wat aan ons Wag behoort en dit ondersteun: Mooiloop en bly veilig.

Figuur 1 Rekeningbesonderhede verskyn hier onder: Ons verw is bbnw en u erfnommer of bbnw en van (4322bbnw) (bbnwjackson)

Bank:	ABSA
Rekeninghouer:	BBBV (Bettysbaai Belastingbetalersvereniging)
Soort rekening:	Lopende rekening
Tak:	Hermanus
Takkode:	632005

Rekeningnommer: 4066616439

Figuur 2 Verteenwoordigers/ Patrolleerders/AR en roepseine

Sone	Naam	Van	Selnommer	Roepsein
Stony Point	Wayne	Jackson	0829281260	Alpha
Rondevlei	Donovan	Ackerberg	0728868323	Rondevlei
Sentraal	Henk	Smith	0825286053	Bravo
Silver Sands	Bennie	Sheppard	0788032722	Silversands
Jock's Bay	Astrid	Twomey	0837250437	J Bay
Bettysbaai	ASK		0711359029	ASK
Bettysbaai	Bolt		0612001246	Bolt
Bettysbaai	Sandown Bay		0670655420	Sandown Bay 1
Bettysbaai	Sandown Bay		0670655420	Sandown Bay 2

Figuur 3 Momentopname van tipiese nagtelike aktiwiteit dmv radio-opsporing. Soos wat ons beweeg of reageer, verander die prentjie.

Sekuriteit	Wagverteenwoordigers	Wagpatrolleerders	SAPD
ASK	Silver Sands	Alpha	Speurder
BOLT	Rondevlei	Bravo	Sersant
Sandown Bay	StonyPoint		
	Jock's Bay		